HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 36 VAN 2021

12 Augustus 2021

Geagte Ouer/Voog, Onderwyser en Leerder

Leerders en Kovid

Ons het Vrydag, 13 Augustus 'n hele klomp nuwe Kovid-gevalle aangeteken. Daar is vyf positiewe gevalle in die graad 9D-klas aangeteken. Hierdie inligting het eers Vrydagoggend bekend geword en het vir 'n oomblik groot onrustigheid veroorsaak.

Daar is ook 'n leerder in graad 9F wat tans positief is. Vandag is daar verder twee graad-10 leerders wat positief is en drie graad 12-leerders. Slegs een "nuwe" geval (graad 10) is vanoggend aangemeld.

Daar is dus vandag elf leerders wat positief is. Uit die aard van die saak is al elf hierdie leerders by die huis en moet vir 'n periode van tien dae tuis bly. 'n Hele aantal ander leerders is ook tuis en in selfisolasie na moontlike noue kontak met van dié positiewe leerders.

Ons kon nie die besliste oorsprong van die verspreiding bepaal nie.

Die graad 12's het 'n sosiale byeenkoms bygewoon waar ons vermoed dat die verspreiding plaasgevind het. (Tydens die laaste toets tussen die Springbokke en die Britse en Ierse Leeus.) Daar is 'n geringe moontlikheid dat verspreiding by verlede Dinsdagaand se kooroefening plaasgevind het, hoewel leerders met maskers aan gesing het en 'n sosiale afstand tydens die oefening gehandhaaf het. Die volgende twee weke se oefening is gekanselleer.

Van die graad 9-leerders is maats en verspreiding kon dalk tydens 'n pouse gebeur het terwyl hulle bymekaar gesit het. (Maskers af terwyl hulle eet.) Verspreiding tydens klastyd is onwaarskynlik met leerders wat maskers dra, gesaniteer word en 'n veilige sosiale afstand van mekaar in die klasse sit. Vensters en deure moet ook oop wees en leerders moet ook hulle tafels voor gebruik saniteer.

Ons monitor daagliks die situasie en sal ouers op hoogte hou. Dit bly baie belangrik om dadelik met mnr. Vosloo te skakel rakende Kovid-toetsuitslae en selfisolasies sodat ons te alle tye die omvang van Kovid-verspreiding verstaan. Ons versoek is dat ouers hier sal saamwerk met die rapportering.

Personeel en Kovid

Ons het gister twee nuwe positiewe diagnoses aangeteken en staan vandag op drie positiewe gevalle by ons skool. Dit sluit in: een onderwyser, een musiekmagneet-skool onderwyser en een administratiewe personeellid. Ons Musiekmagneetskool-onderwyser is opgeneem in die hospitaal en ons is baie bekommerd oor haar.

Hoe moet ons reageer?

Ons as onderwysers, ouers en kinders moet weereens besef dat Kovid 'n realiteit is. Ons moet ons beste voorsorg tref en oor ons optrede en aktiwiteite dink. Ons moet die regulasies en reëls streng nakom. Ons moet ons maskers dra, saniteer en sosiale afstande handhaaf. Ons moet waak teen onnodige sosiale aktiwiteite en die blootstelling wat dit bring. Kinders mag nie partytjies of kuiers hou nie. Daar sal weer 'n tyd kom wat dit kan gebeur. Midde alles moet ons voortgaan met ons lewens om ons eie voortbestaan te help verseker. Ons kan nooit gaan lê nie.

Ons moet te alle tye kalm en berekend bly en ons insigte en begrip vir Kovid op objektiewe realiteite baseer. Ons moet waak teen fopnuus en wanpersepsies en dit nie voetstoots aanhang as die enigste waarheid nie. Ons moet poog om ons skoolaktiwiteite te laat voortgaan binne die raamwerke van regulasies en goeie praktyke om ons risiko binne omstandighede so laag moontlik te hou.

Ons moet aanhou doen wat ons kan om ten minste 'n soort kwaliteit lewe te voer.

Ons beste wense vergesel elkeen van ons huise waarin Kovid tans sy kloue ingeslaan het. Ons wens is vir ligte simptome en spoedige beterskap en dan 'n volkome herstel. Ons bid ook vir almal in nood en moet help waar ons kan.

Sterkte en vriendelike groete.

P. Booysen: Hoof

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek																
Dag		Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma
Maand		Julie				Augustus					Augustus					
Datum		27	28	29	30	2	3	4	5	6	9	10	11	12	13	16
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	18	18	18	18	18	18	18	18	18	18	19	19	19	19	21
	Herstel van Kovid-19	16	16	16	18	18	18	18	18	18	18	18	18	18	18	18
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**2**	**2**	**2**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**1**	**1**	**1**	**1**	**3**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	1	1	1	1	0	0	0	0	0	0	0	0	1	1	0
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	105	107	107	107	110	110	110	111	111	111	111	115	116	120	122
	Herstel van Kovid-19	95	96	97	97	101	101	102	106	108	108	108	110	110	110	111
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**10**	**11**	**10**	**10**	**9**	**9**	**8**	**5**	**3**	**3**	**3**	**5**	**6**	**10**	**11**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	1	1	0	3	11	11	11	16	14	0	9	19	22	38	35
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	0	0	0	0	3	3	3	4	4	0	3	3	1	3	2
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	123	125	125	125	128	128	128	129	129	129	130	134	135	139	143
	Herstel van Kovid-19	111	112	113	115	119	119	120	124	126	126	126	128	128	128	129
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**12**	**13**	**12**	**10**	**9**	**9**	**8**	**5**	**3**	**3**	**4**	**6**	**7**	**11**	**14**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	2	2	1	4	11	11	11	16	14	0	9	19	23	39	35
	Komorbiditeit afwesig	0	0	0	0	3	3	3	4	4	0	3	3	1	3	2